

19 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 13:1-9

Fokusgedeelte: Lukas 13:9

Dra vrugte van dankbaarheid

'n Vyeboom in die tyd van Jesus Christus was baie bekend en van meer waarde as in ons tyd. In die Midde-Ooste was die vyeboom vir sy vrugte, sy skaduwee en sy medisinale gebruik bekend. Daar is baie keer daarna in die letterkunde en in die kultuur verwys. Die vyeboom het vanaf die eerste jaar wat dit geplant is, vrugte begin dra en kon tot twee keer per jaar nuwe vye hê. 'n Mens sou verwag om tien maande van die jaar vye aan die boom te kry.

Jesus Christus vergelyk die Joodse kerk van sy dag met 'n vyeboom wat in 'n wingerd geplant was. Soos in die geval van die vyeboom, was hulle in 'n besondere posisie gewees. Hulle kon van die Here, van Jesus Christus en van sy genade geleer het, maar die "vrugte" van die Heilige Gees en bekering het ontbreek.

As gelowiges wat vandag deel uitmaak van die kerk van Jesus Christus het ons baie genade ontvang. Ons dink vandag aan een van die grootste gawes wat ons as gelowiges ontvang het, naamlik die Heilige Gees wat in ons harte uitgestort is. Watter invloed het sy teenwoordigheid op ons lewe?

Volgens die gelykenis kom die eienaar van die wingerd na drie jaar terug om vrugte aan die vyeboom te soek. By gebrek aan vrugte beveel hy die tuinier om dit uit te kap! Die tuinier vra 'n jaar grasie om die grond om te spit en die boom te bemes. Die kerk en gelowiges word gewaarsku om rekenskap van hulle optrede te gee. Uiterlike vorme, bedienings en besluite kan alles in plek en baie korrek wees, maar as die vrugte van die Heilige Gees (Joh. 15:16; Kol. 1:10) in ons lewe ontbreek, is ons gereed om "uitgekap" te word. Bekeer jou en dra vrugte van dankbaarheid. Deur genade gee God ons geleentheid om reg te maak!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. J Lion-Cachet (Klerksdorp)